SONDAG 11 0KTOBER

08:30 EN 10:30

Matteus 22:37-40

Die res van die verhaal.

Oorkoepelende tema : In aansluiting by verlede week se boodskap gaan dit Sondag-oggend weer oor die liefde tussen gelowiges en dat ‘n plaaslike gemeente tuine moet wees waar verhoudinge kan groei. Hierdie keer wil ek klem lê op die feit dat wie Christenskap net sien as ‘n persoonlike verhouding met God het net die helfte van die verhaal gelees, of dan net die eerste deel van die wet. James Hinkle noem dit: “Life outside the throne room.”

Dit gaan oor liefde tussen gelowiges, maar dan ook hoe die voortbestaan van ‘n plaaslike gemeente afhanklik is van mense se gewilligheid om Sondae in die eredienste, en in die week tussen eredienste met liefde en warmte met mekaar saam te leef.

1. Vooraf: DVD: (Attie)
2. Kennisgewings. (snit v Vergenoeg basaar – Attie)
3. ***Eerste diens: LB 158:1+3.***
4. Gebed.
5. Votum en seën.
6. ***(Eerste diens: Kerkraadsvoorstelling)***
7. Dankoffer. (***Eerste diens: Neels speel***. Tweede diens : DVD…..)
8. Lofprysing en aanbidding.
   Eerste diens: LB 8:1, 3 en 4; LB 196:1 en 2; LB 284:1,2 en 3. (Neels,ek wil graag die stemming van hierdie laaste lied gebruik as voorbereiding vir die gebed en die preek.)
   Tweede diens: Ongeveer 4 liedere.
9. Gebed. (Ek sal die gebed aan die einde van die lofprysing doen by albei dienste. Jannie moet asseblief vir my laat weet wat die laaste lied is wat hulle sing.)
10. Skriflesing.
11. Prediking.

DIE RES VAN DIE VERHAAL

Gemeente as God se blomtuin.

God het bedoel dat die kerk ‘n tuin sou wees waar verhoudings groei en blom.

Dink aan ‘n bakkie met blomplantjies by ‘n kwekery. Elke plantjie begin by ‘n saadjie. Die saadjie word saam met honderde ander saadjies in ‘n bedding gesaai. Die saadjies ontkiem en groei tot ‘n saailing wat op hulle beurt weer oorgeplant word in ‘n bakkie van 6-12 plantjies. In die bakkie groei die saailinge en hulle word plantjies wat deur ‘n tuinier in sy tuin geplant word wat hulle dan ook blom. Die blomme gee nie net vir die tuinier plesier nie, maar ook vir al die ander mense wat die blomme sien. Daar in die bedding bereik hierdie plantjies hulle volle potensiaal.

Van ‘n saadjie in ‘n beserkemde omgewing tot ‘n blom in ‘n tuin.

Blomme is natuurlik nie net bedoel vir ‘n tuin nie. Verlede week het ons seun huistoe gekom en hy het vir sy ma ‘n bos blomme gebring. Met die blomme sê hy dat hy lief is vir haar en dat sy vir hom spesiaal is. In hierdie week was ek by ‘n vrou in die hospitaal en daar by haar bed het ‘n bos blomme gestaan wat vir haar sê dat daar mense is vir wie sy spesiaal is en wat aan haar dink terwyl sy in die hospitaal is.

Ek was ook hierdie week op die kampus by die Universiteit. Terwyl ons van die een lesing lokaal na die ander stap het ‘n jong man en sy meisie by my verby gestap. In haar hand het sy hierdie een enkele baie eenvoudige blommetjie. Sy troetel hierdie blommetjie asof dit die mooiste en die enigste blommetjie in die wêreld is. Die jong man het seker die blommetjie êrens gepluk of selfs gekoop en vir haar gegee, om vir haar te sê dat hy lief is vir haar.

Is dit nie wonderlik hoeveel omgee en liefde blomme kan kommunikeer nie.

Die gemeente van die Here Jesus is bedoel om ‘n tuin te wees waar saadjies saailinge word, saailinge plantjies word en plantjies blomme word. Die gemeente van die Here Jesus is bedoel om ‘n plek te wees waar die dinge wat mense doen omgee en liefde en goeie wense kommunikeer.

Die blommetjies wat hierdie boodskappe oordra, is verhoudings.

“Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, en een van hulle, ‘n wetgeleerde, het Hom met ‘n vraag probeer vastrek. “Meneer,” vra Hy, “wat is die grootste gebod in die wet?” Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.” (Matteus 22:34-40)

Liefde tussen mense was vir Jesus baie belangrik, nie net volgens hierdie gedeelte nie, maar ook die feit dat die meeste van die gelykenisse wat Jesus vertel het, oor verhoudings tussen mense gehandel het. Maar so verwys elke boek in die Nuwe Testament na die belangrikheid van verhoudings tussen gelowiges in die gemeente, en in gelowiges se verhoudings met mense buite die gemeente.

As ek nou kan aansluit by die beeld van die saailinge. God het bedoel dat elke gemeente ‘n tuin sal wees waarin verhoudings gesaai word, uitgeplant word en blom. As ek met my beperkte vermoë dit so kan verduidelik: Die vrugbare grond waarin hierdie tuin groei is ons liefde vir God en die blomme wat ons pluk is ons liefde vir mekaar. Soos elke kind van God met die verloop van jare geestelik groei en ook in gehoorsaamheid groei vorder hy/sy van ‘n saadjie tot ‘n blom. Sonder ‘n plentjie wat groei is die grond nie veel werd nie. Sonder grond om in te groei kan die plantjie nie bestaan nie.

Met betrekking tot verhoudings, het ons ‘n opdrag (Matteus 22); ‘n voorbeeld (Hy self); die vermoë (die Heilige Gees) en die plek (die gemeente). Ons het alles wat ons nodig het om ‘n tuin te wees waarin verhoudings groei.

VERHOUDINGS IS HARDE WERK

Godsdiens en mense se verhouding met die Here het met die verloop van jare al hoe meer ‘n persoonlike saak geword. Mense praat van “persoonlike verhouding met die Here” en dit is ‘n baie mooi beskrywing van ‘n mens se verhouding met God. ‘n Mens se verhouding met God is persoonlik, dit is iets wat tussen jou en God gebeur en wat tussen jou en God bly – dit is persoonlik, privaat, intiem, naby.

Die kerk moet anders wees as die wêreld. In die lewe buite die kerk is verhoudings besig om in mekaar te stort. Huwelikke, gesinne, families, vriende, rasse. Egskeidings, gesinsgeweld, tiener selfmoorde, kinder mishandeling, vooroordeel. In die lewe buite die kerk is mense al hoe meer besig om moed op te gee met betrekking tot verhoudings, want verhoudings is harde werk.

Ons gebruik voorbeelde van broers en susters en pa’s en ma’s om mense te laat verstaan hoe ons as gemeente met mekaar saam moet lewe, maar God het bedoel dat die manier waarop ons as Christene met mekaar in die gemeente saamlewe as voorbeeld gebruik word om te verduidelik hoe pa’s en ma’s en broers en susters en kinders en ouers met mekaar saam moet lewe.

Een van die redes waarom mense eerder fokus op ‘n verhouding met God as op verhoudings met mense, is omdat verhoudings met mense nie maklik is nie. Dit is makliker om God lief te hê as om mense lief te hê.

God is liefde, mense is nie;

God is betroubaar, mense is nie;

God vergewe, mense nie;

God laat ons nooit in die steek nie, mense doen;

God aanvaar onvoorwaardelik, mense nie;

God is elke dag dieselfde, mense nie.

Omdat God is wie Hy is, is dit maklik om God lief te hê;

omdat mense is wie mense is, is dit uiters moeilik om hulle lief te hê.

hoe beter ek God leer ken, hoe makliker is dit om Hom lief te hê;

hoe beter ek mense leer ken hoe makliker ias dit om hulle nie lief te hê nie.

Die lys van verskille tussen God en mense kan aanhou en aanhou maar dit is duidelik hoekom dit makliker is om God lief te hê, as om mense te lief te hê. Daarom is dit verstaanbaar as mense moed opgee in hulle pogings om mense lief te hê en eerder fokus op hulle verhouding met God.

TWEEDE DINGE EERSTE

Alhoewel liefde tussen mense vir Jesus belangrik was, was ‘n mens se persoonlike verhouding met God ook belangrik. In Jesus se antwoord aan die Fariseër liefde vir God eerste genoem, en daarna liefde vir my mense.

Die klem wat op ‘n mens se persoonlike verhouding met die Here geplaas word bring mens soms die indruk dat ‘n mens darem nie te sleg gedoen het as jy God liefhet en nie by liefde vir mense kon uitkom nie. As ek die teks lees, dan lyk dit vir my asof Jesus sê dat liefde vir God en liefde vir mense ewe belangrik is, die een is nie belangriker as die ander nie. Daar staan: “**En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is...**”

As godsdiens net gegaan het oor jou verhouding met God sou daar baie meer Christene gewees het, maar toe Jesus godsdiens nie net beperk tot liefde vir God nie, maar liefde vir jou naaste deel maak van die groot gebod, het dit baie mense ontmoedig om Christene te wees. Mense sien kans om God lief te hê, maar dit is moeilik om ander mense lief te hê.

Jesus en die Fariseërs was in teenoorgestelde kampe. Jesus het ‘n baie groot probleem gehad met die manier waarop die Fariseërs giodsdiens verstaan het, bedryf het en vir ander geleer het.

Wat was die groot probleem wat Jesus met die Fariseërs gehad het? Dit was juis die feit dat hulle by die eerste gebod gestop het. Die rituele van hulle godsdiens was vir hulle so belangrik dat liefde vir mense geen rol in hulle godsdiens gespeel het nie. Hulle sou eerder ‘n vrou wat in owerspel betrap is met klippe doodgooi; hulle sou eerder by ‘n man wat sterwend langs die pad lê verby loop as om hom te help en die risiko te loop om onrein te wees en dan nie in die tempel van sekere rituele deel te wees nie. Gebrek aan liefde vir mense was Jesus se groot probleem met die Fariseërs.

Wanneer Jesus die wet aanhaal, sê Jesus iets wat die Fariseër in elk geval geweet het, maar nie gedoen het nie. Hy het geweet dat God van ons verwag om Hom en mense lief te hê, maar die Fariseërs het die uitleef van die wet beperk tot hulle persoonlike verhouding met God. Hulle was tevrede daarmee as hulle by die eerste gebod uitgekom het.

Somtyds moet tweede dinge eerste wees. Wanneer is watter een van hierdie twee die belangriker een?, dit hang af waar ek is. In die erediens en in my binnekamer is liefde vir God die belangriker een. Wanneer ek uit my binnekamer uitkom en by die erediens uitstap, is liefde vir mense die belangriker. Maar, die een sluit nie die ander een uit nie, ons is nooit met net een van die twee besig nie. Wanneer ek in my binnekamer alleen by God is, is ek in my voorbidding by mense. Wanneer ek uit my binnekamer uitkom en by mense is, is ek ook by God wanneer ek voor sy aangesig lewe. Die een sonder die ander is eintlik nie denkbaar nie, maar soms moet tweede dinge eerste wees.

Liefde vir God en liefde vir mense is vir Jesus ewe belangrik. Liefde vir mense gaan oor dinge soos: die stemtoon wat ons met mekaar gebruik; die respek wat ons vir mekaar wys; die vergifnis wat ons teenoor mekaar openbaar; die verdraagsaamheid waarmee ons mekaar se foute hanteer. Al hierdie dinge is net so ‘n onmisbare deel van ons godsdiens soos kerk toe gaan en gebed en aanbidding en die regte teologie en gehoorsaamheid aan die Woord. Koinonia is net so belangrik as heiligmaking. Barmhartigheid is net so belangrik soos erediens. ‘n Intieme

verhouding met medgelowiges is net so belangrik as ‘n intieme verhouding met God. Om die hart van my medemens te ken en te verstaan is net so belangrik as om die Vaderhart van God te ken. Om teenoor mense te bely as ek verkeerd was, is net so belangrik as om te bely dat ek gesteel het of owerspel gepleeg het of moord gepleeg het of begeer het.

So stel Jakobus dit:

“Met die tong loof ons die Here en Vader en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie. ‘n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie. ‘n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of ‘n druiwestok vye nie. ‘n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie.” (Jakobus 3:9-10).

Kyk ook na 1 Johannes 4:20-21: **“As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy ‘n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.” (1 Joh 4:20-21.)**

Kan dit wees dat die Bybel vir ons leer dat my persoonlike verhouding met God – liefde vir God – bevraagteken kan word as my verhouding met mense – liefde vir my naaste – nie deel is van my lewe nie?

Die liefde wat daar tussen gelowiges behoort te wees, word ook duidelik in die verskillende beelde waarmee die kerk in die Nuwe Testament beskryf word. Byvoorbeeld: Die kerk is die liggaam van Christus; die volk van God; die huisgesin van God. Hierdie beelde herinner ons daaraan dat ‘n gemeente ‘n plek behoort te wees waar mense in verhoudings van wedersydse liefde met mekaar saamleef. Waar mense gesond kan word van die seer wat hulle beleef; waar mense saam met ander hulle verhouding met die Here kan leef; waar mense saam geestelik kan groei; waar mense groei sodat hulle weer vir ander ‘n blom kan wees wat hulle pluk wanneer hulle dit nodig het.

Ons uitdaging is: Kom ons hou nooit op om van ons gemeente ‘n plek te maak waar verhoudings begin word, gevorm word, groei en blom nie. Ons mag nooit ophou om aan verhoudings te werk nie. Kerk is soveel meer as eredienste en geboue en geld en belydenisse en seremonies. Kerk of gemeente is mense, mense wat leer om mekaar lief te hê net soos die Here Jesus hulle liefhet. Godsdiens is ‘n kruis-verhouding, nie net van onder na bo nie, dit is ook ‘n van links na regs verhouding, nie net ‘n vertikaal nie, maar ook horisontaal. In die kerk word mense vriende; ons word mekaar se broers en susters; ons word mense wat mekaar aanvul en die Here dien deur mekaar te dien en die Here liefhet deur mekaar lief te hê.

‘N PLEK WAAR ONS ONS LEWE DEEL

Francis Schaefer is ‘n teoloog wat baie lojaal is aan die kerk en ‘n passie het vir plaaslike gemeente. Deur sy werk wil hy elke plaaslike gemeente aanspoor om alles te wees wat God bedoel het die gemeente moet wees. ‘n Paar jaar terug het hy by ‘n lesing die volgende woorde gesê: **“Unless the church changes its form and gets back to community and the sharing of lives personally, the church is done.”**

Toe ek die eerste keer hierdie woorde van Schaefer lees, het ek gewonder of hy weet van die huidige tendense. Daar is gemeentes waar meer mense op ‘n Sondag eredienste bywoon as ooit in die geskiedenis; daar is gemeentes in Suid Afrika waar daar tussen 5000 en 10000 mense op ‘n Sondag die eredienste bywoon en sulke gemeentes word meer en meer. As ons net die twee bedieningspunte in ons gemeente se eredienste by mekaar tel, dan het ons ongeveer 800 mense op ‘n Sondag-oggend in die kerk. Met ander woorde, dit gaan nie te sleg met die kerk en met gemeentes nie.

Die NG Kerk het oor die laaste 5 jaar nie in getalle nie gekrimp nie, maar ons het ook nie gegroei nie. Ons is baie dankbaar daarvoor, maar is ons nie dalk te dankbaar daarvoor nie. Ons sal ook moet vra: Hoekom het ons nie gegroei nie? Ons as gemeente sal vir onsself moet vra: Is 800 mense op ‘n Sondag in ons eredienste die volle potensiaal van die omgewing waarin ons bly? Hoekom is daar nie groei nie? Is dit nie dalk omdat ons nie vir die gemeenskap gee wat hulle regtig graag wil hê?

Ons het die wonderlikste boodskap om met die wêreld te deel, die boodskap van verlossing in Jesus Christus. Ons weet mense buite die kerk het hierdie boodskap meer nodig as enige iets anders, maar die probleem is, die mense buite die kerk dink nie hulle het diè boodskap so nodig as wat ons dink hulle dit het nie. Mense se eerste behoefte is verhoudings. Mense is op soek na iemand wat omgee en liefhet en bystaan en aanvaar.

As die Blou Bulle rugby speel en hulle doen goed, is die pawiljoene vol. Maar, wanneer hulle nie goed doen soos vroeër hierdie seisoen nie, dan is daar baie minder mense op die pawiljoene.

Die eerste vraag wat ek wil vra is: Speel die kerk die sport wat hy veronderstel is om te speel? Probeer ons nie dalk om van sokkerpselers rugbyspelers maak nie? Hoop ons die dalk dat ons skares sal lok wat rugby wil kyk terwyl ons sokker speel nie? Die spel wat die kerk moet speel, is verhoudings – die spel van liefde vir God en liefde vir mense. As ons nie die regte spel speel nie, gaan die pawiljoene leeg wees. Ons kan nie kies om die spel te speel waarvan die reëls die maklikste is nie. Ons moet speel wat ons veronderstel is om te speel.

Maar, kom ons veronderstel ons speel die regte sport – verhoudings. Is ons spel van so ‘n aard dat die mense sal wil kom kyk.

Dan Kimball het op ‘n stadium betrokke geraak by werk onder studente by die UCLA Universiteit in die VSA. Evangeliste en mense wat na die studente uit gereik het, het gesê dat daar geen salf aan daardie studente te smeer is nie. Ten spyte van alles wat hulle probeer het, het nie een van die studente gereageer nie. Dan Kimball en sy span het toe ‘n stukkie navorsing onder die studente gedoen. Hulle het vir die studente gevra: “Do you love Jesus?” 99% van die studente het “ja” gesê. Die volgende vraag was: “Do you love Christians?” 99% van die studente het “nee” gesê.

Hoor nou weer Francis Schaefer se woorde:

“Unless the church changes its form and gets back to community and the sharing of lives personally, the church is done.”

Hoe lyk ons pawiljoene op hierdie stadium as 99% van ‘n groep mense sê hulle is lief vir Jesus, maar dieselfde 99% sê hulle is nie lief vir Christene nie?

Het jy ook al mense hoor sê?

Ek was in die kerk, maar dit was vir niemand belangrik dat ek daar was nie.

Ek kon vir ‘n tyd nie kerk toe kom nie, maar niemand het eers agter gekom dat ek nie daar was nie.

Ek het na Christen vriende gesoek, maar niemand het uitgereik na my toe nie.

Dit was vir my lekker, maar die manier waarop die kerk mense hanteer het en seer gemaak het my bang gemaak dat hulle dieselfde met my gaan doen.

Dit was vir my lekker in die gemeente maar toe ek wou sê wat ek dink en wat ek voel is ek verstoot, veroordeel en verwerp.

As mense nie beleef dat iemand omgee nie, of dat ander se gevoelens nie saak maak nie, gaan hulle nie in die gemeente en selfs nie in die kerk bly nie. Dalk was sulke mense al saam met jou in die erediens; hulle het dalk langs jou gesit; jy het hulle selfs gegroet. Is so iemand se sitplek dalk leeg? Ken jy dalk iemand wat vir jare lank hier was en skielik kom jy die laaste paar weke of maande agter hulle plekke is leeg?

Dink daaraan en hoor dan weer wat Schaefer sê: **“Unless the church changes its form and gets back to community and the sharing of lives personally, the church is done.”**

Ons het die kans om ‘n verandering te maak. Ons het die kans om verhoudings weer die hoogste prioriteit in ons gemeente te maak. Ons het die kans om weer persoonlik by mekaar betrokke te raak, om mense tuis en welkom te laat voel in ons eredienste, ‘n hand uit te steek na iemand wat swaarkry, ‘n oproep te maak wanneer iemand verjaar. Ons het die kans om ‘n blommetjie te pluk en vir iemand anders te gee.

Kerk wees gaan oor meer as ‘n persoonlike verhouding met die Here, die regte teologie, goeie eredienste. Somtyds moet verhoudings en liefde vir mense belangriker wees as die regte teologie en die beste eredienste en die dinge wat in die erediens gebeur en kleredrag. Somtyds moet eerste dinge tweede wees en tweede dinge eerste.

Volgens 1 Korintiërs 13 is liefde belangriker as enige iets anders, belangriker as enige iets wat vir verskillende Christene en verskillende gemeentes belangrik is. Belangriker as om in tale te praat; die gawe van profesie te hê; alles moontlik van die Bybel te weet en te verstaan; geloof te hê wat berge kan versit en siekes gesond kan maak; alles wat jy het vir ander te gee. Sonder liefde beteken al hierdie dinge niks nie vers 3b: **“... maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.”** (1 Kor 13:3b)

Ons is nie net deur die sterwe van die Here Jesus aan mekaar gebind nie, ons is ook deur ons liefde vir mekaar aan mekaar gebind. Ons is nie net aan mekaar verbind omdat ons lidmate van dieselfde gemeente is nie, ons is ook aan mekaar verbind omdat ons mekaar se broers en susters is.

Dit gaan nie help ons wag tot dit makliker raak om vir mense lief te wees nie, dit gaan nie gebeur nie. Mense gaan sondige wesens bly. Die feit dat dit moeilik is, maak nie dat ons dit as rede kan gebruik om nie te gerhoorsaam nie. Liefde vir mense bly steeds die ander kant van die muntstuk. Liefde vir mense bly steeds net so belangrik as liefde vir God.

Ons is en bly mense, sondige mense. Kinders van die Here raak nie skielik volmaakte mense wanneer hulle die Here leer ken nie, selfs nie nadat hulle de Here vir ‘n leeftyd geken het nie. Kinders van die Here maak nog steeds foute in verhoudings en ons maak mekaar nog steeds seer en maak dit vir ons medegelowiges moeilik om ons lief te hê. Wanneer dit gebeur is dit dan ook vir ons moeilik om te erken dat ons ander seer gemaak het en dat ons verhoudings skade berokken het, maar dit is juis hier waar ons die geleentheid het om te wys hoe die verhoudings in die huisgesin van God anders is. Ons kan in ons verhoudings met mekaar ‘n voorbeeld wees van hoe ons ons foute erken en moeite doen om verhoudings te herstel en mekaar te vergewe en weer met mekaar saam te lewe en weer en weer met mekaar voor te begin.

Ons mag nooit moed opgee oor verhoudings nie. Ons moet vanuit ons persoonlike verhouding met die Here moed skep vir verhoudings. Sodat gemeentes tuine kan word waarin verhoudings groei en blom.

Almal van ons skiet tekort waneer dit by verhoudings kom. Almal van ons kan beter doen met verhoudings, ons wil selfs beter doen, maar ons weet nie hoe nie. Op een of ander plek en op een of ander manier moet ons leer om beter te doen in verhoudings. Klein groepe is die plek.

Een van die beste maniere om deel te word van ‘n tuin waarin verhoudings groei en blom, is ‘n kleingroep. Hier is ‘n man in die gemeente wat jou sal vertel dat hulle gesin nuut in die omgewing ingetrek het en dat hy nie na ‘n gemeente gesoek het nie, maar ‘n kleingroep. Hy het toe gehoor van ‘n kleingroep in hulle omgewing en daar ingeskakel. In daardie kleingroep het hy vriende gemaak en het hy en sy gesin by ons gemeente ingeskakel en vandag lei hy sy eie kleingroep.

Daar is ‘n vrou in die gemeente wat jou sal vertel dat sy deel was van ‘n kleingroep en toe sy haar werk verloor, het hulle haar nie net die eerste paar maande finansieel ondersteun nie, hulle het haar ook gehelp om weer ‘n werk te kry en om ‘n bekostigbare blyplek te kry.

Dalk vra jy hoe weet ek dit as ek net twee maande in die gemeente is? Die antwoord is eenvoudig, ‘n mens kan dit nie stilhou nie, mense praat oor sulke dinge. Verhoudings van liefde en opregte omgee is in ons tyd so skaars, dat mense graag oor sulke gebeure praat.

Die kerk het baie goed gedoen om die mense te leer om die eerste gebod te gehoorsaam. Vir my persoonlik is die Vaderhart van God die mooiste en die beste manier waarop ek aan God kan dink. Ek lees graag daaroor en ek preek graag daaroor en elke keer wat ek daaroor lees of daroor preek, dan gebeur iets hier binne in my wat ek wil troetel en vashou en nooit wil laat gaan nie. Die Vaderhart van God herinner my aan sy onvoorwaardelik liefde en aan sy vergifnis en dat Hy vir my wag en dat Hy my nooit afskryf nie dat Hy my nie herinner aan die foute wat ek gemaak het nie. Die Vaderhart van God help my om elke keer weer te verstaan hoekom ek God meer liefhet as enige iets anders.

Maar as ons vassteek by die Vaderhart van God, dan draai ons God se kinders in watte toe en kom God se kinders nooit uit die bedding uit nie. Ons beskerm hulle teen die wêreld. Ons keer dat hulle doen wat hulle veronderstel is om te doen. Hulle is veronderstel om te groei, plantjies te word, uitgeplant te word en in 'n tuin geplant te word vir mense om te geniet.

Ons liefde vir mense moet begin by die mense wat saam met ons in die gemeente is. Die persoon wat vanoggend saam met jou hier in die kerk sit. Ons sê soms dat dit vir ons as Christene die moeilikste is om ander Christene lief te hê en dat dit juis daar is waar ons die seerste kry. Het jy al ooit gedink hoekom ons so seer kry, dit is omdat ons God se standaard vir liefde vir gelowiges ken en daarom meer van mekaar verwag as wat ons van die mense buite die kerk verwag, en dan kry ons minder as wat ons verwag het en ons is teleurgesteld en ons kry seer.

God het die kerk bedoel as 'n tuin waarin verhoudings groei en blom. Soms sal iemand buite die kerk by hierdie tuin verby loop en 'n blommetjie pluk. Maar meeste van die kere is dit een van my medegelowiges wat 'n blommetjie – 'n stukkie liefde of aanvaarding of ondersteuning of nabyheid nodig het en dan 'n blommetjie kom pluk. Maar, deel van die uniekheid van verhoudings tussen gelowiges is dat ek die blommetjie pluk en vir iemand gee wat dit nodig het. Ek ryk uit en ek sien die nood en ek sien die persoon en ek sien sy nood en ek dra 'n blommetjie uit God se tuin aan.

Ek sou nou vanoggend vir jou kon sê om die persoon langs jou te groet en sy naam te vra voordat jy uit die kerk uit gaan, maar ek dink net die feit dat ek daaroor praat maak dat sommige mense kyk waar die naaste uitgang is. Daarom sal ek dit nie vra nie, maar ek kan van jou vra om dit ernstig te oorweeg om deel van 'n kleingroep te word. Agter in die kerk is daar 'n papiertjie wat jy kan invul. Jy kan ook jou naam na my of ds. Louis te sms.

Die gemeente is bedoel as 'n tuin waar verhoudings kan groei en blom.

AMEN

12. Gebed.
13. Slotlied. (Albei dienste) LB 258:1, 2 en 3. (Tweede diens sal ook saam met die orrel wees.)
14. Seën.
15. Uitstap: Eerste diens: Neels speel.
    Tweede diens DVD/CD (Attie)